# HOOFSTUK 10

# ONDERWYS

Opvoeding is 'n basiese reg waarop elke individu aanspraak maak om sy plek met verantwoordelikheid in die ekonomiese en maatskaplike lewe in te neem. Deur middel van opvoeding leer die mens sekere gedragskodes aan en ontwikkel hy waardes wat sy lewenswyse bepaal. Opvoeding is dus die geestelike grootmaak van die individu tot volwassenheid. Dit is in die eerste plek die taak en verantwoordelikheid van die ouer, bygestaan deur die gemeenskap, die kerk en die staat. Die onderwysstelsel vul die opvoedingsfunksie van die ouer aan.

Die onderwys van Blankes in Krugersdorp vanaf 1887 tot 1939 is reeds deur J.H. Dippenaar nagevors en aangeteken. Die geskiedenis van verskeie skole is deur hom bespreek en word daarom nie in hierdie studie herhaal nie. Hierdie navorsing fokus op die sosio-kulturele perspektief van onderwys, eerder as 'n bespreking van die kronologiese ontstaan en ontwikkeling van skole in Krugersdorp. Vir hierdie doel is gebruik gemaak van drie subtemas. As agtergrond word die periode van onderwys en opvoeding voor 1903 oorsigtelik bespreek. Die periode 1903 tot 1953 vorm 'n eenheid in die vestiging van onderwys in Krugersdorp. Die eenheid is geleë in die feit dat die onderwysbeleid van die staat geen onderskeid maak in die leerplaninhoud vir verskillende bevolkingsgroepe nie, alhoewel dit nie noodwendig gelyke geleenthede aan almal beteken het nie. In die derde subtema val die fokus op die Bantoe-onderwyswet van 1953 en die invloed wat dit gehad het op die onderwys.

## 10.1. ONDERWYS EN OPVOEDING VOOR 1903

Voor die uitbreek van die Suid-Afrikaanse Oorlog in 1899 het baie min inwoners van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) die geleentheid gehad om geleerdheid te bekom. Daar was ook nie 'n dringende behoefte aan skoolgeleerdheid nie. Tog was die gemeenskap nie noodwendig ongeletterd nie. Meeste van die mense kon lees en skryf, maar as daar na die korrespondensie in die argiewe gekyk word, dan was die taal- en skryfvaardigheid nie te hoog nie. Weens hierdie tekortkoming het die meerderheid mense 'n heenkome gevind in boerdery of ongeskoolde arbeid.

Informele onderrig tuis in lees, reken en skryf is dikwels deur die ouers self behartig, met die Bybel as die enigste beskikbare leerboek. Ander leerboeke was onder andere die bekende *Trap der Jeugd, Kort Begrip* en die *Kategismusvraeboek*. Eenvoudige sommetjies is geskryf, maar hoofrekene was gevorderd. Die hoofdoel van die tuisonderrig was geestelik-godsdienstig van aard. Die onderrig was beperk tot die noodsaaklike om die kind te bekwaam om lidmaat van die kerk te word. Kinders was as "volleerd" beskou sodra hulle belydenis van geloof in die kerk afgelê het, die sogenaamde *Boere-matriek*. Dit was ook tradisie dat geen paartjie kon trou as hulle nie tot die bevrediging van die predikant kon lees en skryf nie. Totale ongeletterdheid onder die Blankes was daarom die uitsondering.[1]

Kinders in die distrik het ook tuisonderrig ontvang van 'n huisonderwyser. Muriel Sanders skryf in haar *Glimpses of the past* hoe haar moeder en tantes tuis deur 'n huisonderwyser onderrig is. Kinders van buurplase het gewoonlik, waar moontlik, die klasse van die huisonderwyser bygewoon. Uit hierdie klasse het later wykskole of plaasskole gegroei, byvoorbeeld die skool op Nooitgedacht waarna Sanders in haar outobiografie verwys.[2]

Georganiseerde onderwys het in die ZAR met Onderwyswet nr. 4 van 1874 ingetree, maar dit was die Onderwyswet van S.J. du Toit,[3] Wet nr. 1 van 1882, wat onderwys op 'n meer standvastige grondslag geplaas het. Met hierdie wet het Du Toit 'n onderwysstelsel in die lewe geroep wat by die volksaard van die Boerevolk gepas het, naamlik staatsondersteunde skole op 'n Bybelse en Christelik-Nasionale grondslag, met Nederlands as onderrigmedium.

Die Onderwyswet van 1882 het as prikkel gedien vir die oprigting van verskeie skole in die distrik Krugersdorp, onder andere Hekpoort, Hartebeesfontein, Doornspruit, Zeekoehoek, Roodekranz, Sterkfontein, Kromdraai, Bultfontein, Doornkloof, Hartebeeshoek, Maraisburg, Nooitgedacht, Steenkoppie, Zwartkop en Florida. Elke staatsondersteunde

1 G.J. Nieuwoudt, "Onderwys, Ons erfenis", *Museum* no.18, Apr. 1984, pp.2,3.

2 Biblioteek, Krugersdorp, Aricanaversameling, M. Sanders, *Glimpses of the past*, p.10. Kyk ook inligtingslêer S14, *St. Peter's Chruch*, sd.

3 S.J. du Toit was die eerste Superintendent van Onderwys in die Zuid-Afrikaansche Republiek. Hy is later deur Stiemens as superintendent opgevolg.

skool het onder die toesig van 'n skoolkommissie gestaan, wat verantwoordelik was vir die opstel van "huishoudelike bepalingen" waarvolgens die skool gefunksioneer het. Die huishoudelike reëls het van skool tot skool verskil. Skoolgeboue was in die meeste gevalle ondoelmatig, swak verlig en swak geventileer. Die skoolmeubels was ook gebrekkig en onderwyser en ouers moes dikwels groot vindingrykheid aan die dag lê om in die behoeftes van die skool te voorsien.[4]

Formele onderwys het onder S.J. Du Toit en Stiemens as superintendente van onderwys groter doeltreffendheid bereik. Du Toit het die belangrikheid van eenvormige skoolhandboeke wat spesiaal geskryf is vir landsomstandighede ingesien en boeke soos *Uw en mijn cijferboek* van H.J. Möller, *De Volksleesboek*, *Kinderharp*, en die rekenboek van J.R. Joubert aan departementele skole voorsien. Stiemens het die eerste inspekteurs van onderwys aangestel en onderwysers aangemoedig om hulle kwalifikasies te verbeter deur middel van verdere studie. Maar dit was onder professor N. Mansveldt, 'n Nederlandse onderwyskundige wat in 1891 as superintendent van onderwys aangestel is, dat onderwys in die ZAR 'n hoogtepunt bereik het. Mansveldt het hom dadelik met inspanning aan sy taak gewy en voortgebou op die grondslag wat Du Toit gelê het. Hy het die administrasie van die departement opgeknap en 'n skoolgids, wat die werksaamhede van onderwysers deur gereelde inspeksies beheer, opgestel.[5]

Deur 'n algemene leerplan vas te stel waarin die eise vir verskillende standerds omskryf word, het Mansveldt onderwys in die ZAR op 'n hoër eenvormige peil gebring. Hy het ook voorsiening gemaak vir die nodige skoolboeke, wat oorspronklik uit Nederland aangevra was, maar later deur plaaslike publikasies vervang is. Hy het ook gekwalifiseerde onderwysers uit Nederland na die ZAR gelok om die tekort aan opgeleide onderwysers aan te vul en die standaard van onderwys op 'n hoër peil te bring. Die Mansveldt

---

4 J.H. Dippenaar, *Die onderwys van Blankes in Krugersdorp, 1887-1939* (ongep. M.Ed..-verhandeling, PU vir CHO, 1953), pp.42,43, en 281-285. Kyk ook Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer E3, *Education Krugersdorp*, sd.

5 G.J. Nieuwoudt, "Onderwys, Ons erfenis", *Museum* no.18, Apr. 1984, pp.12 en 14.

Onderwyswet van 1892, Wet nr. 8 van 1892, het vereis dat slegs gekwalifiseerde onderwysers in dorpskole aangestel word.[6]

Die ZAR was goed op pad om in die laaste tien jaar van sy bestaan onderwys aan die meerderheid van sy opgroeiende jeug te verskaf. Die fokus van die onderwys was op primêre onderrig. In die eerste plek was daar gedink aan opvoedkundige beïnvloeding en in die tweede plek aan opleiding met die oog op beroepsgebruik. As gevolg van die ekonomiese nood het die meerderheid kinders vroeg die skool verlaat om 'n heenkome in ongeskoolde arbeid te vind.

Die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk (NG-Kerk), Krugersdorp, het in 1890 die eerste formele skool in Krugersdorp gestig, met Hollands as taalmedium vir onderrig. *De Krugersdorp Staatsondersteunde School* het op 15 Julie 1890 geopen met Jan Smeer as skoolhoof. Landdros J.C. Human was die voorsitter van die skoolkommissie. As ondersteunde skool was die kerk en ouers finansieel verantwoordelik vir die instandhouding van die skool. By die toekenning van die staatsubsidie is dit as 'n voorwaarde gestel dat die skoolbestuur 'n geskikte lokaal moes voorsien. *De Krugersdorp Staatsondersteunde School* is op die erf aangrensend aan die NG-Kerk in Kerkstraat gehuisves in geboue wat aan dié kerk behoort het.[7] Die skool het in 1899 'n staatskool geword. As staatsskool het die skool voorkeur gegee aan die aansteling van Hollandse onderwysers bo onderwysers vanuit die Kaap, omdat laasgenoemde tot 'n groot mate verengels het. Die Hollandse onderwysers het die staatsbeleid in daad en trou gesteun. Met die opening van die *Krugersdorp Staat Skool* in 1899 het Mansveldt bevestig dat onderrig ook in Engels sal geskied, alhoewel die amptelike voertaal van die skool Hollands sou bly.[8]

Die Engelssprekende gemeenskap was hiermee ontevrede omdat voorkeur gegee is aan onderrig in Hollands. In reaksie het hulle privaatskole gestig wat

---

6 A.K. Bot, Die *ontwikkeling van onderwys in Transvaal, 1836-1951*, p.21.

7 Daar is in later jare na hierdie skool verwys as die *Kerkstraatskool*.

8 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer P3, *Paardekraal Laerskool*, sd. en inligtingslêer E3, *Education, Krugersdorp,* sd. Die skool moes met die uitbreek van die Suid-Afrikaanse Oorlog sluit. J.H. Dippenaar, *Die onderwys van Blankes in Krugersdorp..*, pp.68,69.

in wese van die staatsondersteunde skole verskil het. In 'n kompromie het Mansveldt in 1896 toegegee dat onderrig ook in Engels kon geskied, maar dat Hollands as vak aangebied moes word. Die Engelse Public School wat in 1889 in Krugersdorp gestig is, was onder die vleuels van die *Krugersdorp Undenominational Institute* en gehuisves in die Royal George Vrymesselaarslosie. Die skool is nie deur die Regering erken nie omdat dit nie Hollands aangebied het nie.[9] Ook hierdie skool het met die uitbreek van die Suid-Afrikaanse Oorlog gesluit.[10]

Onderwyswetgewing het geen voorsiening gemaak vir formele onderwys aan Swartmense en Indiërs in die ZAR nie. Geen rekord kon opgespoor word van skole in Krugersdorp wat in die periode voor 1900 aandag gegee het aan die onderwysbehoeftes van die Nie-Blanke bevolking. As die onordelike vestigingspatroon en haglike woonomstandighede, waarna reeds in 'n vorige hoofstuk verwys is, in aanmerking geneem word, dan is dit onwaarskynlik dat Swartmense en Indiërs formele onderwys ontvang het. Die eerste sendingskole in Krugersdorp is eers na die eeuwending gestig.

Die belangstelling van ouers in die onderwys van hulle kinders het teen die einde van die negentiende eeu toegeneem. Nogtans is kinders weerhou van skoolbesoek wanneer hulle arbeid tuis benodig was. Skoolbesoek was nie verpligtend nie. Volgens Dippenaar[11] was die verhouding van skoolgaande tot nie-skoolgaande kinders in Krugersdorp soos volg:

| **VERHOUDING SKOOLGAANDE : NIE-SKOOLGAANDE KINDERS, 1896** | | |
|---|---|---|
| **Afdelings** | **Skoolgaande** | **Nie-skoolgaande** |
| Distrik | 1 | 5 |
| Delwerye | 1 | 11 |

**Figuur 49**

Die algemene armoede wat op die delwerye geheers het en afstand na die skole kan as hoofrede vir die groot getal nie-skoolgaande kinders gesien word. Skoolbesoek het in later jare verbeter.

10 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer E3, *Education Krugersdorp*, sd.

11 J.H. Dippenaar, *Die onderwys van Blankes in Krugersdorp...*, p.80.

Onderwys in die ZAR was met die uitbreek van die Suid-Afrikaanse Oorlog in die war. Die skole in Krugersdorp het gesluit aangesien sommige onderwysers vir kommandodiens opgeroep is. Enkele skole in die distrik het oop gebly, maar dit moes tog later as gevolg van die oorlog sluit. Na die eerste reeks oorwinnings van die Boerekommando's het die Staatskool sy werksaamhede voortgesit, maar die skool is deur die Britse Militêre Owerheid oorgeneem na die oorname van Krugersdorp in 1901. Hollands is onmiddellik deur Engels as onderrigmedium vervang. Slegs Bybelonderrig het in Hollands geskied.[12]

Die NG-Kerk was nie tevrede hiermee nie. Hulle het in 1901 'n kerkskool onder leiding van S.J. van Wyk gestig met onderrig in Hollands. Hierdie skool het finansiële steun vanuit Nederland ontvang. 'n Vooraanstaande inwoner van Krugersdorp, J.H. Grundlingh, het ook in 1901 'n privaatskool in 'n sink voerpakhuis op die hoek van Kommissarisstraat en Dingaanstraat bedryf (foto no.90). Hy het met die verlof van die Britse Owerheid twee Hollandssprekende onderwyseresse, mejuffroue F. van Binnedyk en H. van Putten, in diens geneem en hulle uit sy sak elk vyf pond per maand vir hulle dienste betaal. Ongeveer 100 kinders het hierdie skool bygewoon.[13]

Die Britse Militêre Owerheid het reeds tydens die oorlog 'n beleid gevolg om Engels aan die kinders te leer en om van hulle goeie Britse onderdane te maak. Vir hierdie doel het hulle Engelssprekende onderwyseresse ingevoer om die kinders in die konsentrasiekampte te onderrig.[14] Die Krugersdorp Kampskool is in Mei 1901 opgerig en gehuisves in 'n groot markiestent, wat ook as kerktent gebruik is. In hierdie stadium was daar 2929 vroue en kinders in die kamp. Hiervan was 1330 kinders. Slegs godsdiensonderrig is in Hollands aangebied. Die leerlingtal van die kampskool was wisselend. Die wisseling in leerlingtal skryf Symington toe aan die onsekerheid oor die uitslag van die oorlog: "Ouers wag om te sien wie die oorlog wen, as dit

---

12 B. Burger, *Krugersdorp, 1877-1947*, p.5.

13 J.H. Dippenaar, *Die onderwys van Blankes in Krugersdorp...*, pp.101-102.

14 Sentrale Argiefbewaarplek (SAB), Pretoria, OKW, band 171/1, *Report of the Director of Education*, Nov.1900-Feb. 1904, pp.4-8 en 38.

Engeland is, sal hulle hul kinders Engels laat leer." Die volgende statistiek word deur Symington weergegee. [15]

| KRUGERSDORP KONSENTRASIEKAMPSKOOL | | |
|---|---|---|
| **Datum** | **Leerlinge** | **Onderwysers** |
| Mei 1901 | 188 | 5 |
| Desember 1901 | 500 | - |
| Januarie 1902 | 750 | 11 |
| April 1902 | 1155 | - |

**Figuur 50**

Soos by alle kampskole het die leerlinginskrywing na vredesluiting vinnig gedaal en aan die einde van Oktober 1902 was daar slegs 171 leerlinge in die Krugersdorp Kampskool. Die Kampskool het in November 1902 gesluit.

Dit was hoofsaaklik die kleiner kinders wat die kampskool bygewoon het. Die hoeveelheid onderwys wat hulle ontvang het, was volgens Esterhuizen[16] nie voldoende om die kinders te help om geskoolde arbeid na die oorlog te bekom nie. Vir baie kinders was die kampskool die enigste geleentheid om formele onderwys te ontvang. Die sosio-ekonomiese toestand en heropbou van verwoeste plase het baie kinders verdere skoolonderrig na die oorlog ontneem.

'n Volledige onderwysdepartement, gestig deur die Britse Militêre Owerheid, het tydens die Oorlog tot stand gekom. Die superintendent van onderwys met sy personeel en onderwysers kon na die oorlog net so met hulle taak voortgaan. Die kampskole het die grondslag gelê vir die anglisasie van die skole, en die land, na die oorlog.[17]

Geen onderwys is in die Swartkonsentrasiekamp aangebied nie omdat dit, volgens die hoof van die Native Refugee Department, Majoor G.J. de

15 F.C. Symington, *Die Konsentrasiekampskole in die Transvaal en Oranje Vrystaat* (ongep. M.Ed.-verhandeling, UP, 1943), pp.44-72.

16 S.J. Esterhuizen, *Die ekonomiese en maatskaplike toestande van die gewese republikeinse burgers in die Transvaal-kolonie, 1900-1910* (ongep. D.Phil.-proefskrif, UP, 1965), p.234.

17 S.J. Esterhuizen, *Die ekonomiese en maatskaplike toestande...*, p.233.

Lotbinière die Swartmense sou "unsettle" en die beheer van die kamp-superintendent sou ondermyn.[18]

## 10.2. ONDERWYS 1903-1953

### 10.2.1 SWARTONDERWYS IN DIE HANDE VAN DIE KERK

Die imperialistiese ideale van Milner en sy anglisasiebeleid na die oorlog is algemeen bekend. Die republikeinse onderwyswetgewing het nie sy ideale versterk nie, daarom is daar aan T.Sargant, die nuwe direkteur van onderwys in die Transvaal-kolonie, opdrag gegee om 'n nuwe onderwysordonnansie op te stel. Die *Public Education Ordinance*, nr. 7 van 1903, is op 25 Februarie 1903 deur die Transvaalse Wetgewende Raad goedgekeur.[19]

Die nuwe wetgewing het die bestuur en administrasie van die onderwysdepartement gevestig en gereguleer, maar onder andere ook voorsiening gemaak vir gratis laer onderwys aan Blanke kinders tussen die ouderdom van ses en veertien jaar. Engels was die onderrigmedium en 'n staatskool moes deur minstens dertig leerlinge besoek word.

Die ordonnansie het ook voorsiening gemaak vir staatsbeheerde hoër onderwys en die stigting van normaalkolleges vir die opleiding van onderwysers. Voorsiening is ook gemaak vir beroepsopleiding en die stigting van tegniese skole.

Kerkskole sou staatsondersteuning ontvang as hulle ook industriële opleiding aan die Nie-Blanke bevolking gee. Hiermee is Swartonderwys amptelik in Suid-Afrika in die hande van die kerk geplaas. Hieroor skryf Nelson Mandela in sy *Long walk to freedom*: "Since the turn of the century, Africans owed their educational opportunities primarily to the foreign churches and missions that created and sponsored schools. Under the United Party, the syllabus for African secondary schools and white secondary schools was essentially the same. The mission-schools provided Africans with Western-style English-language education, which I myself received. We were limited by lesser

18 Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB), Pretoria, SNA, band 966, verw. 1037/1902, Brief Maj. G.J. de Lotbinière-Sir Godfrey Lagden, 17 Mei 1900.

19 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer E3, *Education Krugersdorp*, sd.

facilities, but not by what we could read or think or dream".[20] Die Bantoe-onderwyswet van 1953, wat later bespreek word, het 'n radikale verandering in die onderwys van Swartmense gebring en druk op munisipaliteite geplaas vir die voorsiening van skool geboue.

Kerk en skool was aan die Witwatersrand baie nou aan mekaar verwant. Die kerk het dikwels, ook ten opsigte van Blanke onderwys, die inisiatief geneem. Die Swartjeug wat tot dusver in stamverband opgegroei het, het 'n natuurlike opleidingsfase deurgemaak om hulle op 'n spontane wyse voor te berei vir hulle verpligtinge en rol in die samelewing. Hierdie gebruik is in die stedelike omgewing ernstig aangetas, want die skool van die lewe op die Rand het anders daar uitgesien as diè van die platteland. Die Westerse skoolopleiding wat die jeugdiges ontvang het, het verder bygedra tot die afbreek van tradisionele stamgebruike.

Die Christelike godsdiens en onderwys is as uitvindsels van die Blanke gesien. Baie Swartmense het geen nut in die onderwys gesien nie, veral omdat hulle as ouers geen inspraak in die onderwys van hulle kinders gehad het nie. Daarby het hulle geen materiële voordeel uit die onderwys getrek nie. Ten spyte van hulle "geleerdheid" was werksgeleenthede skaars en deur diskriminerende politieke wetgewing nog verder beperk.[21]

Die Onderwyswet van 1903 het geïmpliseer segregrasie in skole tussen Blank en Swart. Administratief was onderwys in een stelsel in een departement geïntegreer, maar met afsonderlike skole vir Blanke- en Swartkinders. Die afdeling Naturelle-onderwys het toelaes aan sendinggenootskappe betaal om skole vir Swartmense in stand te hou. Die subsidies was gebaseer op die gehalte en omvang van die onderwys, die aantal kinders in die skool en die aantal onderwysers, met inagneming van die kwalifikasies van die onderwysers. Heelwat waarde is geheg aan die feit of die skool industriële of tegniese onderwys aanbied. Die nuttigheidswaarde van die tegniese onderwys

---

20 N. Mandela, *The illustrated long walk to freedom, The autobiography of Nelson Mandela*, p.58. Kyk ook SAB, Pretoria, UG, 61/1955, *Summary of the report of the Commission for the socio-economic development of the Bantu-areas within the Union of South Africa*, 1955, p.9.

21 SAB, Pretoria, UG, band 61/1955, *Summary of the report of the Commission for the socio-economic development of the Bantu-areas within the Union of South Africa*, 1955, pp.9,10.

was deurslaggewend. Die subsidies was egter net genoeg om lopende kostes te dek. Onderwysers het swak salarisse ontvang en in die meeste gevalle was die skoolgeboue ondoelmatig, onaantreklik en oorvol. Skole by die sendingkerke het dikwels uit slegs 'n enkele kamertjie bestaan.[22]

Die latere Smutswet, Wet nr. 25 van 1907, het hoofsaaklik sake ten opsigte van Blanke onderwys gereël, met magtiging aan die minister om skole ook vir Nie-Blankes te stig. Na Uniewording het die sogenaamde naturelle-onderwys onder die provinsies geval. Die Regering het riglyne neergelê ten opsigte van leerplanne, skoolinspeksies en die opleiding van onderwysers. In 1925 het die Unieregering alle finansiële verantwoordelikheid van onderwys op hom geneem. Die subsidiestelsel het weggeval. Die provinsiale departemente was nog verantwoordelik vir die administrasie en bestuur van onderwys in die provinsie,[23] maar Plaaslike Owerhede was verantwoordelik vir die voorsiening en instandhouding van skoolgeboue aan Nie-Blankes.[24]

Min inligting is beskikbaar met betrekking tot vroeë onderwys aan Swartmense in Krugersdorp. Die St. Mary's Missionary School is in 1926 gestig. Die Stadsraad van Krugersdorp het grond in Munsieville aan die Rooms-Katolieke Kerk beskikbaar gestel vir die oprigting van 'n kerk en skool.[25] Die skool is deur die nonne van die St. Ursuline klooster[26] in Krugersdorp bedien. As 'n nie-rassige kerkskool kan die aanname gemaak word dat die St. Ursula Kloosterskool en die St. Peter and Paul Parochial School in Krugersdorp ook Swartleerlinge op die skoolrol toegelaat het.

---

22 A.J. Potgieter, *Die Swartmense aan die Witwatersrand, 1900-1933*, pp.277, 292.

23 A.K. Bot, *Die ontwikkeling van Onderwys in Transvaal...*, p.25.

24 J.N. Jonker, 1931-1981, *Die Verenigde Munisipale Bestuur van Suid-Afrika: Sy ontstaan en ontwikkeling* (Gedenkpublikasie uitgegee met vyftigjarige herdenking), p.20.

25 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer E3, *Education Krugersdorp*, sd.

26 Die eerste nonne van die St. Ursuline Orde het in 1895 uit Sitterd, Holland, na Suid-Afrika gekom en hulle in Baberton gevestig. Toe die Regering in 1897 die skole sluit as gevolg van die runderpes, het hulle na Johannesburg verhuis en 'n skool in Braamfontein gevestig. Met die uitbreek van die Suid-Afrikaanse Oorlog het die nonne na Holland teruggekeer. 'n Tweede groep nonne het weer in 1903 na Suid-Afrika gekom en hulle werk in Braamfontein voortgesit. Op versoek van die plaaslike priester, vader Isadore French, het Suster Marie Overbeke met 'n paar nonne na Krugersdorp verhuis om hier met die onderrig van die kerkjeug behulpsaam te wees. Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer S15, *St. Ursuline Convent*, sd.

Die Ursuline Susters het 'n groot bydrae gelewer tot die ontwikkeling van onderwys aan die Wesrand. Die St. Ursula Convent and Boarding School vir dogters het op 9 Februarie 1904 hulle deure geopen met vyf loseerders en twaalf dagskoliere. Die eerste skoolgebou, die oorspronklike plaashuis van die plaas Paardekraal, was gou te klein om die groeiende getal leerlinge te huisves. Aanbouings is gedoen in 1906, 1910 en 1916, maar in die twintiger jare is dit vervang met 'n nuwe gebou met sierlike Kaaps-Hollandse gewels (foto no.91). Die skool en klooster is ontwerp deur die argitekte Cowin, Power en Ellis. Die nuwe skoolgebou is in 1929 in gebruik geneem.

Die Ursuline Susters is verantwoordelik vir die stigting, administrasie en beheer van verskeie skole aan die Wesrand. Die St. Joseph's Primary School vir seuns en dogters is in 1912 in Roodepoort gestig. Die St. Angela's Convent School vir dogters in Kensington volg in 1914. In Krugersdorp onderhou hulle die St. Peter and Paul Parochial School en die St. Mary's Missionary School. Hulle het ook in 1936 'n skool in Randfontein gestig.

Onderwys is ook by die St. Paul's Mission Church van die Anglikaanse Kerk in Munsieville deur aartsdeken A. Temple aan Swartkinders gegee. Temple was 'n toegewyde prediker wat hom veral toegespits het op sendingwerk onder die Swartmense van Krugersdorp. Desmond Tutu, die latere aartsbiskop van Kaapstad, is een van Krugersdorp se bekendste seuns wat hier onderrig ontvang het. Die vader van Desmond Tutu, Joseph, was 'n gerespekteerde onderwyser in Munsieville (foto no.92). Tutu het ook onderrig gegee by 'n aandskool vir volwassenes. Desmond Tutu het in die voetspore van sy vader gevolg en self ook onderwys in Munsieville gegee terwyl hy as kerklike opleiding ontvang het.[27]

Skoolonderrig aan Swartmense in Krugersdorp is deur verskeie kerkgenootskappe bedryf. Die Mathlasedi Community School is deur die Krugersdorp Methodist Church gestig en bedryf totdat dit in 1953 deur die Departement Naturellesake oorgeneem is. Die Bosele Community School is

[27] G. Radebe, Onderhoud 1995. Gloria Radebe is die jongste suster van Aartsbiskop Desmond Tutu.

in 1948 deur die NG-Kerk gestig en die Phatudi Community School deur die Anglikaanse Kerk. Laasgenoemde skool is in die dertigerjare aan die Stadsraad van Krugersdorp oorgedra, wat dit in 1956 aan die Departement van Naturellesake oorgedra het. Die Bantu Junior High School is in 1943 gestig en die Munsieville Lower Primary School in 1951. Die Stadsraad van Krugersdorp het die skoolstandplase onder die 99 jaar huurpagstelsel aan die Departement Naturellesake oorhandig.[28]

Munsieville Lower Primary School was die eerste Swart-staatskool in Krugersdorp. Die Bantu Junior High School het onderrig slegs tot standerd agt aangebied. Vir verdere onderwys was die Swartleerlinge afhanklik van afstandsonderrig of bywoning van 'n Swartskool met koshuisgeriewe weg van die huis. Die aantal leerlinge wat matriek geslaag het, was gering.

Die voorsiening van skoolgeboue aan die Swartgemeenskappe is nie in berekening gebring met die ontwikkeling van die "nuwe" lokasie nie. Die gesondheidsinspekteur het in 1939 aan die Algemene Sake en Dorpsbeplanningskomitee gerapporteer[29] dat die geboue en fasiliteite in die lokasies baie onbevredigend was en dat die Stadsraad in sy beplanning van die nuwe behuisingskema vir Swartmense, ook vir die oprigting van skole voorsiening moes maak. In dieselfde tyd het die Inspekteur van Naturelle-onderwys 'n beroep op die Stadsraad gedoen om aansoek vir fondse by die Naturelle Ontwikkelingsraad te doen vir die oprig van skole in die Nuwe Lokasie.[30]

Swartleerlinge is aan dieselfde leerplaninhoud as Blanke-kinders blootgestel, maar hulle kon nie dieselfde slaagpersentasie as die Blanke-kinders handhaaf nie, omdat onderwysers in Swartskool nie die groot getal leerlinge per klas kon hanteer nie. Skole was ontoereikend met betrekking tot ruimtevoorsiening, meublement, toerusting en fasiliteite vir buitemuurse aktiwiteite. Daarby was Engels as onderrigmedium vir die leerlinge 'n

---

28 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/118, korrespondensieleêr N5, Brief Regsadviseur-Departement Naturellesake, 17 Jun. 1958.

29 TAB, Pretoria, MKR, band 1/3/6/1/23, Minutes *General and Town Planning Committee*, 6 Jul. 1939, p.50.

30 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr M22, Brief CA Janssen-Stadsklerk, 7 Nov. 1938.

tweede, vreemde taal. 'n Groot deel van die skoolonderrig aan Swartleerlinge was as papegaaiwerk gesien: "...School education has not yet became something geniune within Bantu life. It is foreign, and as an institution of the white man it has not the desired influence on the character of the Abantu. The white man's education without the white man's environment working on the Native must have other results than in a white community and will be unable to make the Native an equal of the white man."[31]

Die stand van Naturelle-onderwys in die Unie van Suid-Afrika het in 1932 onder die loep gekom. Reeds in hierdie stadium is bevind dat die bestaande onderwysstelsel die Swartmense nie voldoende voorberei het vir hulle ekonomiese rol in die Unie nie. Minder as 40% Swartleerlinge het skolasties verder as Standerd II gevorder. Die gebrek aan moedertaalonderrig, swak fasiliteite en tekort aan opgeleide onderwysers is as bydraende faktore vir die lae standaard skoolonderrig uitgewys. Die bestaande onderwysstelsel het ook nie voorsiening gemaak vir sekondêre onderwys aan Nie-Blanke leerlinge nie. Implementering van die aanbevelings van die Ondersoekkommissie na die ekonomiese posisie van die Swartmense, 1932, is met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog nie uitgevoer nie. Dit is eers met die afkondiging van die Bantoe-onderwyswet van 1953 dat die aanbevelings behoorlik gestalte gekry het.[32]

### 10.2.2 CHRISTELIKE-NASIONALE ONDERWYS, 1903-1906

Die Onderwyswet van 1903 het hewige reaksie by Blanke Afrikaanssprekende inwoners en kerke uitgelok. Die inisiatief vir die onderrig van hulle kinders is deur die staat oorgeneem. Ouers het nie genoeë hiermee geneem nie. Die beperkte godsdiensonderrig, nuwe taalreëling en die vervanging van vaderlandse geskiedenis met 'n wêreldgeskiedenis, het hulle glad nie aangestaan nie. Die gevolg is dat hulle privaatskole, die sogenaamde Christelik-Nasionale Onderwys-skole (CNO-skole), gestig het.

---

31 SAB, Pretoria, UG, band 20/1932, *Report of Native economic commission, 1930-1932*, par.613.

32 Vir volledige verslag en aanbevelings, raadpleeg SAB, Pretoria, UG, band 20/1932, *Report of Native economic commission, 1930-1932.*

Die stigting van die CNO-skole is as 'n geloofsdaad gesien. Dit was 'n opvoedkundige poging om die siel van 'n verslane volk te red. In die eerste plek was dit 'n opvoedkundige inrigting, maar dit was ook 'n kultuurdraer en maatskaplike instelling met 'n behoudende karakter. Dit moes as teenvoeter dien vir die invloed van die Britse staatskole.[33]

Dit was veral die Gereformeerde Kerk en die N.G. Kerk in Krugersdorp wat hulle ten gunste van Christelike onderwys uitgespreek het. Die kerkskool van die N.G. Kerk het as die Kerkstraat CNO-skool na die oorlog voortgegaan met onderrig in Hollands. Die skool is onder moeilike omstandighede, sonder staatsteun in stand gehou tot aan die einde van 1905. Die skool is in 1906 as 'n staatskool heropen. As staatskool is dit toegelaat om twee vakke in Hollands te doseer.[34]

Die Gereformeerde Kerk het besondere aandag gegee aan die stigting van CNO-skole. Aan die einde van 1903 het die kerk 'n CNO-skool in Krugersdorp bedryf, asook sewe skole in die distrik, naamlik op Koesterfontein, Steenkoppie, Rietvlei, Hartebeesfontein, Hekpoort, Bultfontein en Doornkop.[35] In die twintigerjare is daar by die skool op Hartebeesfontein aangebou om voorsiening te maak vir addisionele klasruimte.[36]

Die verskillende skole het 'n wisselende bestaan gehad as gevolg van 'n gebrek aan fondse om dit in stand te hou, en teenkanting wat van die staat ontvang is. Onderwysers aan CNO-skole was as gevolg van die armoedige omstandighede van ouers, laag besoldig. Baie van hulle het daarom op versoek van die staat vir groter salarisse by staatskole gaan werk. Alhoewel die CNO-skole op 'n hegte grondslag gevestig was met duidelike riglyne met betrekking tot die inhoud van leerplanne en verpligte skoolvakke, kon dit finansieel nie die mas opkom nie. Vyf jaar na die stigting van die eerste CNO-

---

33 S.J. Esterhuizen, *Die ekonomiese en maatskaplike toestande...*, p.236. Kyk ook J. Chr. Coetzee, *Die Gereformeerde beginsel in die onderwys in Transvaal, 1859-1937*, pp.25-41.

34 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer P3, *Paardekraal laerskool*, sd.

35 J.H. Dippenaar, *Die onderwys van Blankes in Krugersdorp...*, pp.126-127.

36 SAB, Pretoria, PWD, band 1349, Briefwisseling en planne insake aanbouings en herstekwerk, Hartebeesfontein, 1908-1927.

skool was daar geen CNO-skool meer aan die Witwatersrand nie.[37] Maar hiermee was die stryd vir Christelik-nasionale onderwys nie prysgegee nie. Die CNO-stryd het nou 'n era van konferensies betree, wat uitgeloop het op 'n amptelike beleidsverklaring van die Algemene Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in 1937. In die praktyk het dit beteken dat die Gereformeerde Kerke die handhawing van die Christelike karakter in die onderwys van Afrikanerkinders gesteun het.[38]

### 10.2.3 BLANKE ONDERWYS IN KRUGERSDORP TOT 1953

Die Britse Militêre Owerheid het reeds tydens die Suid-Afrikaanse Oorlog die ou republikeinse staatskool oorgeneem. Die *Krugersdorp Town School*[39] het op 4 Junie 1901 geopen met mej. H. van Ryneveldt as onderwyseres. S. Stuart het later by haar aangesluit as skoolhoof. 'n Jaar later was daar reeds 420 leerlinge by die skool ingeskryf. Hiervan het 60% uit Afrikaanssprekende huise gekom. Selfs nadat die Kerkstraatskool in 1906 as staatskool erken is, was daar nog 'n groot getal Afrikaanssprekende kinders op die skoolrol, naamlik 150 teenoor die 187 Engelssprekendes en die 66 leerlinge van ander nasionaliteite. Die skool het in hierdie jaar ook 'n nuwe skoolgebou (foto no.93) op die hoek van Fontein- en Kommissarisstraat in gebruik geneem.[40]

Die Krugersdorp Town School het vir die eerste keer ook aandag gegee aan die onderrig van leerlinge in die sekondêre afdeling. In 1904 was 24 leerlinge ingeskryf vir standerd ses en sewe en 'n verdere twaalf vir standerd agt en nege. 'n Secondary School is in 1909 gestig om die sekondêre onderwys oor te neem. Die *Krugersdorp High School* het in 1914 uit die behoefte vir sekondêre onderwys gegroei. Onderrig is in Engels aangebied. Die totstandkoming van die Krugersdorp High School het nuwe deure vir sekondêre onderwys in Krugersdorp geopen. Dit was nie meer nodig om leerlinge na kosskole elders te stuur vir hoër onderwys nie. Hoër onderwys

---

37 B.R. Kruger, *Die ontstaan, ontwikkeling en betekenis van die Gereformeerde Kerk op die Witwatersrand*, p.72.

38 Raadpleeg J. Chr. Coetzee, *Die Gereformeerde Beginsel en die Onderwys...*, pp.58 e.v. vir die volledige beleidsverklaring.

39 SAB, Pretoria, PWD, band 657, Briefwisseling en planne, Bou van Krugersdorp Town School, 1904-1906.

40 J.H. Dippenaar, *Die onderwys van Blankes in Krugersdorp...*, p.198. Die skoolgebou is vandag bekend as die Jack Smiedt-gebou. Dit huisves die Munisipale Departement Gemeenskapsdienste.

het die deure vir verdere studie geopen en beter beroepsgeleenthede vir baie plaaslike leerlinge beteken.[41]

Burgershoop is die woongebied waar armblankes reeds voor die uitbreek van die Suid-Afrikaanse Oorlog 'n heenkome op die steenmakerye gevind het. Die meerderheid van die ou republikeinse burgers is na die oorlog weer in hierdie woongebied hervestig. 'n Skotse offisier wat na die oorlog in Suid-Afrika agter gebly het, Thomas Kidd, het op 23 Maart 1903 'n laerskool met die hulp van mej. A. Arnoldi in Burgershoop geopen. Die skool was aanvanklik in 'n sinkgebou gehuisves. 'n Permanente gebou is op 19 Januarie 1909 in gebruik geneem.[42] Engels is tot in 1920 as onderrigmedium by die Burgershoop Laerskool gebruik tot in 1920. Engels is met Afrikaans as onderrigmedium vervang toe Kidd as skoolhoof opgevolg is deur mnr. Jaap Botha. Botha was die eerste Afrikaanssprekende skoolhoof wat in Krugersdorp aangestel is. Sy aanstelling is as 'n deurbraak gesien: 'n Afrikaner, aangestel vir die Afrikaners, deur 'n Afrikaanse skoolkommissie.[43]

In die depressiejare van die 1920's en die vroeë dertigerjare was die Laerskool Burgershoop die grootste Afrikaanse skool aan die Wesrand. In hierdie moeilike jare het die skool aandag gegee aan die liggaamlike behoeftes van die leerlinge. 'n Sopkombuis is in Mei 1923 in die lewe geroep. Vyf jaar later is 'n kombuis by die skool aangebou onder leiding van mev. J.A. Botha, eggenote van die skoolhoof, en deur die ouers bedryf. Met die instelling van die nasionale voedingskema in 1943 het die skool daarin geslaag om 'n aanvullende maaltyd teen slegs drie pennies per kop aan leerlinge te verskaf. In April 1945 het die skool oorgegaan tot die voorsiening van 'n volledige maaltyd teen ses pennies per leerling. Die voedingskema is ingestel nadat dr. A. Drotske van die Wesrandse Skoolraadskantore 1350 leerlinge by 'n navorsingsprojek oor die algemene gesondheidstoestand van leerlinge op die Wesrand betrek het. Hy het bevind dat 700 van die kinders aan een of ander gebrek gelei het wat hy terugvoer het na wanvoeding of verkeerde

---

41 SAB, Pretoria, PWD, band 2736, verw. 10074, Briefwisseling Oprigting en aanbouing by Krugersdorp English Medium High School, 1919-1927.

42 SAB, Pretoria, PWD, band 1177, verw. 2973, Briefwisseling en planne Oprigting en aanbouings by Burgershoop skool, 1907-1929.

43 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer L.3, *Laerskool Burgershoop*, sd.

eetgewoontes.[44] Die Laerskool Burgershoop is in die 1980's gesluit as gevolg van rasionalisering. Die gebou word vandag gebruik as die Burgershoopse Gemeenskapsentrum.

Daar kan vandag net gespekuleer word oor 'n moontlike korrelasie tussen die hoë leerlinggetalle van die Laerskool Burgershoop gedurende die depressiejare en die voedingskema. Die aanname word gemaak dat meer kinders in hierdie jare die Laerskool Burgershoop besoek het, omdat hulle daar 'n bekostigbare maaltyd gekry het. Vir baie kinders was dit waarskynlik die enigste maaltyd van die dag. Alhoewel die nasionale voedingskema landwyd by skole ingestel was, is geen vergelykbare statistiek beskikbaar om die aanname verkeerd te bewys, of te bevestig nie. Esterhuizen is van mening dat die armoede van die depressiejare verhelp kon gewees het as die onderwys van die periode 1902 tot 1910 meer kragdadig aangepak was. Die skoolwese van 1902 tot 1910 het nie die opgroeiende geslag bereik nie, aangesien die onderrig hoofsaaklik in Engels was: "'n Mens kom tot die gevolgtrekking dat die gebrekkige van die onderwys veral ten opsigte van na-primêre onderwys bygedra het tot die behoud van die Afrikaanse taal en volkseie, maar aan die ander kant ook tot die verarming van die Afrikaner, in besonder die stedelike Afrikaner, die geslag van na 1902 ...". Dit was veral hierdie geslag wat in die depressiejare as gevolg van hulle laag- en ongeskoolde status werkloos geraak het en die armblanke gemeenskap van Krugersdorp gevorm het.[45]

Die stigting van die Bekker Skoolplase in Die Moot is uit die nood van die depressiejare en die behoefte om aan die Blanke plattelandse kind praktiese onderrig in boerderymetodes te gee, gebore. Alhoewel die stigting van die skoolplase reeds in 1912 bepleit is, het dit eers in 1934 'n werklikheid geword. 'n Vooruitstrewende boerdery is mettertyd deur onderwysers en leerlinge opgebou. Die skoolplase is selfonderhoudend. Dit gee akademiese onderrig tot standerd agt en ook praktiese opleiding in boerderymetodes,

---

44 Gauteng Provinsiale Museumdiens, Pretoria, TOD versameling, D/3/79/365, *Plakboek A.M. Grey.*

45 S.J. Esterhuizen, *Die ekonomiese en maatskaplike toestande...*, pp. 243,244.

houtwerk, metaalwerk en huishoudkunde. Die skoolplaas word deur seuns en dogters gebruik.[46]

Die Smuts Onderwyswet van 1907, Wet nr. 25 van 1907, en die instelling van verpligte onderwys het 'n keerpunt in die onderwys meegebring. Die skole in Krugersdorp kon nie die toenemende aantal leerlinge absorbeer nie. Verskeie skole is in die bestek van enkele jare in Krugersdorp geopen, waarvan die meerderheid deur Dippenaar beskryf word.[47] Die Departement van Onderwys het in elke geval by die Stadsraad van Krugersdorp aansoek gedoen vir die toekenning van geskikte standplase, of vir die toekenning van addisionele erwe ten einde vir die uitbreiding van die skool voorsiening te maak.[48]

Die toename in leerlinge het tot gevolg gehad dat klaskamers gou oorvol was en dat bykomende of alternatiewe klaskamerruimtes voorsien moes word. Die ou skoolgebou op die hoek van Ockerse- en Boshoffstraat is nie net 'n goeie voorbeeld van skoolargitektuur teen die begin van hierdie eeu nie, maar dit is ook 'n sinnebeeld van die stryd van skole in Krugersdorp om voldoende klaskamerruimte. Alhoewel die gebou hoofsaaklik betrekking het op die beginjare van die Monument Hoërskool, verteenwoordig dit 'n stryd en patroon wat by al die skole uit dieselfde periode voorgekom het.[49]

Met die uitsondering van die Town School het die meerderheid skole in Krugersdorp onderwys slegs tot standerd ses aangebied. Die Krugersdorp High School was die enigste skool wat hoër onderwys aangebied het. Die behoefte aan 'n Afrikaansmedium hoërskool op Krugersdorp vir Wesrandse dorpe was hoog. Deur bemiddeling van die Afrikaanse Kerke het die skoolkommissies van die Afrikaansmedium laerskole in November 1919 'n petisie by die Witwatersrand-Wes Skoolraad vir die oprigting van 'n

---

46 Kyk Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer E3, *Education Krugersdorp*, sd.

47 Kyk J.H. Dippenaar, *Die onderwys van Blankes in Krugersdorp....*

48 Kyk Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 30 October 1912*, p.12; *Mayor's Minute for the year ending 31 October 1914*, p.12; *Mayor's Minute for the year ending 10 November 1915*, p.11; *Mayor's Minute for the year ending 25 October 1917*, p.12.

49 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer L22, *Ou skoolgebou*, Jun. 1997'.

Afrikaansmedium hoërskool ingedien. Alhoewel die Skoolraad die stigting van die skool aanbeveel het, het die Departement van Onderwys dit nie goedgekeur voor 1921 nie. In hierdie stadium was daar 226 Afrikaanssprekende leerlinge in Standerds V en VI in die Afrikaansmedium laerskole, en talle meer in die Engelsmedium skole.[50]

Die *Afrikaansmedium Hoërskool Krugersdorp* is op 1 Februarie 1921 in die Royal George-Vrymesselaarsaal in Ockersestraat geopen. Gedurende die openingsjaar was slegs leerlinge vir Standerd VII toegelaat. 'n Verdere standerd is vir elk van die volgende jare tot die skool toegevoeg. Op die openingsdag was daar 48 leerlinge, maar die inskrywing was gou meer as 60 leerlinge. Die waarnemende hoof van die skool was mnr. W.R. Riemersma.

Die skool het in 1922 na die gebou van Hohen op die hoek van Ockerse- en Boshoffstraat verhuis, waar 'n besigheid tot 'n skoolgebou verander is. In hierdie stadium het die skool 126 leerlinge in Standerd II en III gehad. In September van hierdie jaar het die skoolhoof toestemming van die Departement van Onderwys verkry om die naam van die skool te verander na die *Monument Hoërskool.* Die Paardekraal Monument het toe ook die simbool van die skool geword.

Die leerlinginskrywing het in 1923 opgeskuif na 196 en twee klaskamers is by die bestaande struktuur aangebou. Aan die einde van 1923 het die eerste 35 leerlinge die Trap I (Standerd IV) eksamen afgelê, waarvan 30 geslaag het.[51]

In die middel van 1923 het die leerlinginskrywing tot 230 gegroei. Die Gedenksaal is bygehuur om in die behoefte vir addisionele klaskamers te voorsien. Die aanbied van hout- en naaldwerkklasse is ook in die loop van hierdie jaar ingestel. Die skool het ook begin om 'n biblioteek op te bou.

Die skool is gevoed deur leerlinge van die plattelandse gedeelte van die distrik. Min ouers kon dit bekostig om hulle kinders sonder beurse na die

---

50 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer K63, *Krugersdorp Schools*, sd.

51 Stadsraad, Krugersdorp, Bouplanne: Erf 1860-2, *Plan nr. 217, nr. 3641 (a), nr. 3641 (b), nr. 1245, nr. 8617, nr. 1361, nr. 18581, nr. 913.* Kyk ook Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer H9, *Hoërskool Monument*, sd.

hoërskool te stuur en daar te hou. As gevolg van die depressietoestande van die tyd was die leerlinggetalle baie wisselend en soms so laag dat van die onderwysers na ander skole verplaas moes word. Die skoolgebou was ondoeltreffend en baie beknop. Daarom het die Provinsiale Raad in 1926 'n bedrag geld goedgekeur vir die oprigting van 'n nuwe hoërskoolgebou. Dit het vier jaar geduur voordat 'n geskikte terrein vir die nuwe skool goedgekeur is, en toe moes daar weer etlike jare gewag word voordat voldoende fondse vir die oprigting van die skoolgebou beskikbaar was. Verskillende terreine is deur die Stadsraad vir die oprigting van die skoolgebou aangebied, maar dit was om verskeie redes deur die Departement afgekeur totdat Ottoplein in 1930 aan die skool afgestaan is.

Die nuwe skoolgebou is ontwerp deur die argitek Gerhard Moerdyk en die hoeksteen is gelê op 15 September 1934. Die bekende skilder Erich Mayer het 'n muurskildering vir die skoolsaal ontwerp en geskilder. Die nuwe skoolgebou is op 18 Mei 1935 deur die Direkteur van Onderwys in Transvaal, Mnr. G.A. Kuschke, geopen[52] (foto no.94).

Die Witwatersrand-Wes Skoolraad het sedert 1935 tot 1986 die skoolgebou op die hoek van Ockerse- en Boshoffstraat as kantore benut. Gedurende hierdie periode is die oorspronklike klaskamers funksioneel verander en verklein tot kantore deur gebruik te maak van sagtemure van hout. Hulle het in 1986 verhuis na die geboue wat deur die Krugersdorp Town School in Humanstraat ontruim is.[53]

Die gebou is na die verhuising van die Skoolraad gebruik as stoorkamers totdat Life Line West Rand in 1988 daarheen verhuis het. Die funksionele benutting van die gebou deur Life Line West Rand verseker dat die gebou as 'n gedenkwaardigheid in stand gehou word.[54]

---

52 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer H9, *Hoërskool Monument*, sd.

53 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer T11, *Town School*, sd. Kyk ook inligtingslêer L22, *Ou skoolgebou*, Jun. 1997.

54 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer L22, *Ou skoolgebou*, Jun. 1997.

Die tekort aan voldoende skoolruimte het tot gevolg gehad dat verskeie skole met die verloop van jare van standplaas moes verander. Die Krugersdorp Town School het byvoorbeeld in 1947 vanaf Kommissarisstraat na 'n groter skoolgebou in Humanstraat verhuis, maar moes in 1988 weer daarvandaan na 'n perseel in Quellerie Park verskuif. Hier het dit saamgesmelt met die Krugersdorp West English Medium School om die *High School Town View* te vorm.[55] Die Kerkstraatskool het in 1917 nuwe geboue op dieselfde perseel betrek. Die skool was in 1943 te klein en bykomende klaskamers aangebou moes word.[56] 'n Gedeelte van die skool is in hierdie stadium afgestig as die *Ben Hugo-skool*, wat later die *Laerskool Krugersdorp-Oos* geword het.[57] Die naam van die Kerkstraatskool is in 1947 verander na die *Laerskool Paardekraal* en in 1959 het die skool verhuis na nuwe geboue wat op die Sirkusplein in Pretoriastraat opgerig is.[58]

Die toenemende aanvraag na hoër onderwys, en groter Afrikanerbewuswording na die 1938-Simboliese Ossewatrek het in 1947 gelei tot die stigting van die *Krugersdorp Junior Hoërskool*, met Afrikaans as onderrigmedium. Die Junior Hoërskool het die geboue wat voorheen deur die Town School in Kommissarisstraat ontruim is, gebruik. Die skoolgronde was gou te klein en reeds in dieselfde jaar het die skool aansoek gedoen by die Stadsraad vir die toestaan van addisionele speelgronde. Uitgebreide korrespondensie het hierop gevolg omdat die grond waarop die skool aanspraak gemaak het, die Indiërsportgronde in gedrang gebring het. Die toename in leerlingtal het aan die skool in 1951 volwaardige hoërskoolstatus verleen. Die skool is nou bekend as die *Krugersdorp Sentrale Hoërskool*. Die skoolgebou was gou te klein om in die onderrigbehoeftes van die hoërskool te voldoen en in 1955 het die skool na nuwe geboue in Presidentstraat verhuis. Die verskuiwing van die skool het gepaard gegaan met die

55 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer T12, *Town School*, sd..

56 SAB, Pretora, PWD, band 3195, Briefwisseling insake aanbouings *Kerkstraat Afrikaansmedium Skool*, 1940-1945.

57 Die Ben Hugo-skool was in die dorpgsgebied Krugersdorp-Oos geleë. Die naam van die skool het verander toe die skool 'n nuwe skoolgebou in die sewentigerjare betrek het. Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer E3, *Education Krugersdorp*, sd.

58 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer P3, *Paardekraal Laerskool*, sd.

verskuiwing van die Indiërskool en -sportgronde na 'n standplaas in Boltonia. Die polemiek rondom die verskuiwing van die Indiërsportgronde word in hoofstuk agt bespreek. Die verhuising het gepaard gegaan met 'n naamsverandering. Die *Hoërskool Jan de Klerk* is deur senator Jan de Klerk, vader van die later staatspresident F.W. de Klerk, geopen. Die Stadsraad het op 27 Augustus 1955 'n burgerlike onthaal ter ere van die opening van die skool en senator de Klerk aangebied.[59]

Die oprigting van ambagskole om beroepsopleiding aan jong manne wat 'n heenkome op die myne gevind het, is vir die eerste keer in 1903 bepleit. Die Krugersdorp ambagskool is vandag bekend as die Nic Diederichs Tegniese Skool. Die Krugersdorpse Tegniese Kollege, wat in 1927 gestig is, het naskoolse beroepsopleiding aan 'n groot deel van die leerlinge wat as gevolg van die depressie die skool verlaat het en nie aan die vereistes vir universiteitstoelating voldoen het nie, verskaf. Die Tegniese Kollege bied ook onderrig aan in verskeie sosiale en ander ontspanningsvaardighede met 'n nuttigheidswaarde. Die sukses van die Tegniese Kollege is geleë in die mate waarin dit tred gehou het met die jongste tegnologiese ontwikkeling in die beroepspraktyk en die behoefte van die gemeenskap. Tegniese Kolleges het 'n tweevoudige geroepenheid, naamlik om die jeug op te voed, en om aan hulle opleiding te verskaf om as verantwoordelike mense tot beroepe in die handel- en nywerheid toe te tree. Die Krugersdorp Tegniese Kollege het in 1985 na 'n nuwe perseel in Von Brandisstraat verhuis en in 1990 sy deure vir alle bevolkingsgroepe oopgegooi.[60]

Die taalmedium van onderrig was sedert die stigting van die eerste skool in Krugersdorp 'n strydpunt tussen Engels- en Afrikaanssprekendes. Die aanvanklike onderwys was in of Hollands (Afrikaans) of Engels, maar verskeie skole wat later ontstaan het, het onderrig in beide tale aangebied. Reeds in die veertigerjare het die Departement van Onderwys besluit om moedertaalonderrig vir laerskole in te voer en dat die tweede taal, Afrikaans of Engels, as "vreemde" taal aangeleer moes word. Teen 1969 het die

59 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer H8, *Hoërskool Jan de Klerk*, sd.; Stadsraad, Krugersdorp, *Notule van Stadsraad van Krugersdorp*, 24 Maart 1955, Item 34.

60 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer T3, *Tegniese Kollege*, sd.

Minister van Onderwys aangekondig dat kinders as of Afrikaanssprekend, of Engelssprekend geklassifiseer moes word tydens inskrywing by staatskole. Albei tale sou nie meer in die onderrig van vakke gebruik word nie. Die gevolg was dat die dubbelmedium skole mettertyd na eentalige skole oorgeskakel is. In Krugersdorp het die Noordskool byvoorbeeld 'n Afrikaansmedium skool geword en die Monument Laerskool 'n Engelsmedium skool.[61]

Aan die einde van die Tweede Wêreldoorlog was onderwys in Krugersdorp reeds goed gevestig en binne die bereik van die meeste van die Blanke inwoners. Die mate waarin die skole gegroei het, is grotendeels bepaal deur die maatskaplike toestande van die tyd. Die toenemende verstedeliking van die Blanke Afrikaner het daartoe bygedra dat die toename in Afrikaansmedium skole groter is as diè van Engelsmedium skole.

Skole het nie net aandag gegee aan die akademiese onderrig en kognitiewe ontwikkeling van die kind nie, maar ook aan sy liggaamlike, sosiale en kulturele ontwikkeling. Sportfasiliteite vir die beoefening van tennis, rugby, netbal en atletiek kom by die meerderheid van die Blanke skole voor. Enkele skole spog ook met 'n eie swembad. Die prestasies van sportspanne getuig van gesonde kompetisie deur die jare.

Kulturele ontwikkeling is bevorder deur debatsverenigings, kadetkorpse, Die Voortrekkers, die Christelike Studente Vereniging en dramaverenigings.[62] Skoolkonserte was van die begin af baie gewild. *The Krugersdorp Standard* berig van 'n suksesvolle skoolkonsert wat so vroeg as 1904 deur die Town School aangebied is.[63] Onderwysers, ouers en kinders het aktief deelgeneem aan die verrigtinge van die 1938-Simboliese Ossewatrek. Leerlinge van die Kerkstraatskool het 'n replika van die Paardekraalmonument in die skoolvierkant, vernoem na Dirkie Uys, opgerig. Vanweë die noue gebondenheid met die geskiedenis is die skool ook in vier "trekgroepe"

---

61 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer E3, *Education Krugersdorp*, sd.

62 SAB, Pretoria, UOD, band 557, Briefwisseling NAROB-Seunsklub in Krugersdorp, 1938-1955.

63 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer E3, *Education Krugersdorp*, sd., en inligtingslêer T12, *The Krugersdorp Standard*, Des. 1904.

(spanne) verdeel, naamlik Piet Retief, Hendrik Potgieter, Andries Pretorius en Piet Uys, elk het 'n trekleier (prefek) gehad vir die handhawing van dissipline.[64]

Leerlinge was ook betrokke by die besoek van die Britse Koningsgesin aan Krugersdorp in 1947 en by die latere kroning van Koningin Elizabeth II. Die hele kroningseremonie is op die Wanderers Sportgronde deur leerlinge uitgebeeld deur middel van tablo's.[65]

Die Krugersdorp and West Rand Festival of Art was 'n jaarlikse kulturele hoogtepunt in Krugersdorp en goed deur al die skole ondersteun. Die stigting van die Wesrandse Afrikaanse Kunsvereniging het die geesdrif van leerlinge om aan die kunswedstryde deel te neem hoogty laat vier, want beide kunswedstryde het aan hulle geleentheid vir voordrag, prosa, sang, musiek en dans gebied.[66]

Krugersdorp het as gevolg van die industriële ontwikkeling wat op die Tweede Wêreldoorlog gevolg het, vinnig uitgebrei. Skole is in feitlik elke nuwe residensiële gebied gevestig. Die Departement van Onderwys het kwaliteit onderwys en fasiliteite binne die bereik van die meerderheid Blanke kinders gebring.

## 10.3. ONDERWYS NA 1953

### 10.3.1 DIE BANTOE-ONDERWYSWET (1953) EN ONDERRIG AAN SWARTMENSE

Die politieke veranderinge wat op die Tweede Wêreldoorlog gevolg het, het verreikende gevolge gehad op die gebied van die onderwys. Die jaar 1953 kan as 'n keerpunt in die onderwys gesien word. Met die afkondiging van die Bantoe-onderwyswet van 1953 (Wet nr. 47 van 1953) is daar onderskeid gemaak tussen die onderrig aan Blankes en onderrig aan Swartmense. Die

---

64 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer P3, *Paardekraal Laerskool*, sd.

65 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer R14, *Royal visit*, 1947, en inligtingslêer C11, *Coronation Elizabeth II*, 1953. Verwys ook na bespreking van die Koninklike besoek (1947) en kroningsfees (1952) in hoofstuk 7.

66 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer W21, *West Rand Festival of Arts*, sd. Kyk hoofstuk sewe vir meer besonderhede oor die West Rand Festival of Arts en die Wesrandse Afrikaanse Kunsvereniging.

staat het die onderrig van Swartmense, wat tot nog toe in die hande van die kerk was, oorgeneem "om die vreemde liberale invloede van buite te bekamp". In die praktyk het dit deel gevorm van die Nasionale Partyregering se beleid van afsonderlike ontwikkeling.[67]

Die filosofie wat agter die Bantoe-onderwyswet sit, kan soos volg saamgevat word: Opvoeding is 'n basiese reg. Opvoeding is nodig vir die individu om sy plek in die ekonomiese en maatskaplike lewe met verantwoordelikheid in te neem. Onderwysopvoeding moet daarom met 'n definitiewe en deeglik beplande beleid vir die ontwikkeling van die gemeenskap gekoördineer wees. So 'n beleid sou spesiale, maar nie uitsluitlike aandag gee aan die ekonomiese rol van die Swartmense. Die plek wat die nuwe regering aan die Swartmense in die sosio-ekonomie van die land gegee het, was diè van ongeskoolde of laaggeskoolde arbeid. Gevorderde onderwys en onderrig in vakke soos wiskunde was byvoorbeeld nie nodig nie omdat die Swartmense dit nie in die praktyk sou nodig hê nie.[68]

Die eerste stap in die implementering van die Bantoe-onderwyswet was om die administrasie en beheer wat deur die provinsies behartig is, na die Departement Naturellesake oor te plaas. Daarmee saam is alle onderwysers wat betrokke by onderwys aan die Swartmense was, as amptenare na die Departement oorgeplaas. Die Departement sou voortaan verantwoordelik wees vir die besoldiging en opleiding van die onderwysers.

As tweede stap het die Wet beheer oor die toekenning van staatsubsidies en hulptoelaes aan Bantoegemeenskapskole en Staatsondersteunde skole in die hande van die Minister van Naturellesake geplaas. Die Minister het die reg gehad om Staats-Bantoeskole en -koshuise in te stel en te onderhou uit fondse wat vir naturelle onderwys begroot is.

---

67 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Staatskoerant nr. 5162*, 9 Okt. 1953, pp.46-59.

68 N. Mandela, *The illustrated long walk to freedom...*, p.59; D. Oakes, (Ed.), *Reader's Digest illustrated history of South Africa. The real story*, p.379; S.P. Naude, *Verslag oor die sosio-ekonomiese omstandighede van die Bantoebevolking van Krugersdorp, 1968/69*, p.34. Kyk ook Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer E3, *Education Krugersdorp*, sd.

Die volgende stap was om die talle Bantoesendingskole onder die beheer van die Departement Naturellesake te bring. Vir hierdie doel het die Wet bepaal dat geen persoon enige Bantoeskool behalwe 'n Staat-Bantoeskool kon instel, voortsit of in stand hou nie tensy dit by die Departement geregistreer is. Die Minister het die mag gehad om registrasie van 'n skool te weier indien die skool na sy oordeel nie in belang van die bantoebevolking was nie, of 'n deel van die bevolking in die algemeen sou benadeel. Inskrywing of toelating tot nie-geregistreerde Bantoeskole is as 'n misdryf beskou. Die oordrag van die Mathlasedi Community School vanaf die Metodiste Kerk na die Departement Naturellesake, het ingevolge die nuwe Bantoe-onderwyswet plaasgevind. Dieselfde geld vir die Bosele Community School wat vanaf die NG Kerk oorgedra is en die Phatudi Community School in Munsieville.[69]

Voortvloeiend uit die Wet is verskeie regulasies afgekondig om die pligte en bevoegdhede van amptenare te beheer, voorwaardes vir aanstelling van onderwysers neer te lê, en tugkodes, die taalmedium van onderrig, toelating van leerlinge, skorsing van leerlinge en onderwysers te bepaal, ensovoorts. Die regulasies het Plaaslike Owerhede onder andere verplig om in die ontwikkeling van naturelle-stadsgebiede voorsiening te maak vir die oprigting van skole. Die standaard wat gestel is, was 'n skoolgebou met 'n minimum van agt klaskamers teen 'n koste van £4,800 (vierduisend agthonderd pond) vir elke 400 standplase. Vir die oprigting van hierdie skole kon die Plaaslike Owerheid 'n heffing van twee sjielings op elke standplaas plaas. Die Departement Naturellesake het geen bydrae gemaak vir die oprigting van die skole nie, maar die skole moes na oprigting na die Departement oorgedra word. Plaaslike Owerhede was ook verantwoordelik vir die lewering van munisipale dienste teen vergoeding aan die skole. In die lig van hierdie bepaling was die Krugersdorp Stadsraad in 1956 verplig om die volgende skole aan Swartgemeenskappe te voorsien.

---

69 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/118, Brief Regsadviseur-Departement Naturellesake, 17 Jun. 1958.

| BEHOEFTE AAN SWARTSKOLE IN KRUGERSDORP : 1956 | | | |
|---|---|---|---|
| Aantal skole | Minimum oppervlakte per skool | | Tipe skool |
| 10 | 1,285 hektaar | 1,5 morg[70] | Laer primêr |
| 5 | 2,141 hektaar | 2,5 morg | Hoër primêr |
| 2 | 2,141 hektaar | 2,5 morg | Sekondêr |

**Figuur 51**

Die Stadsraad het in beginsel die beleid vir die oprigting van skole aan Swartkinders in die lokasies gesteun en ook die nodige verandering in die lokasie-verordeninge aangebring met die oog op die twee sjieling heffing per erf ten einde vir die oprigting van bogenoemde skole voorsiening te maak.[71]

Die nuwe wetgewing het wye politieke reaksie onder Swartmense uitgelok. In protes teen die Bantoe-onderwyswet het die African National Congress (ANC) 'n skoolboikot gelei. Vir die sukses van die boikot was dit nodig dat ouers en gemeenskappe die onderrig van die jeug op hulle neem. Vir hierdie doel het die ANC jeug- of kultuurklubs gestig as frontorganisasies vir die alternatiewe onderwys, omdat die Wet vereis het dat alle onderriginstellings by die Departement geregistreer moes wees. Die Regering was uiteindelik verplig om wetgewing te promulgeer wat die ontwettige onderwys 'n misdryf maak. Teen 1956 was die meerderheid Swartkinders verplig om onder die Bantoe-onderwyswet onderrig te word, of om geen onderwys te ontvang nie.

In sy outobiografie erken Mandela dat die ANC-kampanje teen die Bantoe-onderwyswet 'n mislukking was. Hulle het nie daarin geslaag om die wet te herroep nie, maar "...the consequence of Bantu Education came back to haunt the government in unforseen ways. For it was Bantu Education that produced in the 1970's the angriest, most rebellious generation of youth the country had ever seen. When these children of Bantu Education entered their late teens and early twenties, they rose with a vehemence."[72]

70 *Keartland's metrieke omsettingstabelle*, een morg is gelyk aan 0.856532 hektaar, tabel 19.

71 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/118, korrespondensieleêr N5, *Omsendbrief 102/302/1*, 20 Apr. 1956, Brief Sekretaris Naturellesake-Stadsklerk Krugersdorp, 8 Aug. 1955, *Uittreksel uit Raadsnotule van 8 September 1955.*

72 N. Mandela, *The illustrated long walk to freedom* ..., p.60.

Mandela verwys na die onluste wat in 1976 in Soweto uitgebreek het, en geleidelik oor die hele land versprei het, toe skoliere in opstand gekom het teen die verpligte gebruik van Afrikaans, "die taal van die onderdrukker", as onderrigmedium in sekere vakke aan Swartskole. Die taalkwessie was egter meer die vonk in die kruitvat, want die administrasieraadstelsel was baie ongewild en die jeug is polities opgesweep tot 'n Swartbewussyn wat tot uitbarsting gekom het. Die onrus in die skole het eers teen 1980 begin afneem nadat die Regering 'n indringende ondersoek na die onderwysstelsel geloods het.

Swartonderwys in Krugersdorp het midde in hierdie krisis gestaan. Die onluste in Soweto het na Krugersdorp oorgeloop. Duisende Rande se skade is as gevolg van die onrus en geweld in Munsieville en Kagiso aangerig. Klaskamers is by die Mosupatsela en Lengua Sekondêre skole afgebrand. Die Stadsraad het hierna 'n heffing van R1-00 per inwoner in die Swartwoongebiede gehef vir die herstel van die skole.[73]

Daar is reeds in 'n voorafgaande hoofstuk gewys op die vestiging van die woongebied Kagiso as 'n produk van die apartheidspolitiek. Al die skole wat in die woongebied voorsien is, was produkte van die Bantoe-onderwyswet. Die meerderheid van die skole het sedert hulle totstandkoming mank gegaan aan voldoende ruimte, fasiliteite, ameublement en opvoedkundige toerusting. 'n Tekort aan teksboeke het algemeen voorgekom. As gevolg van die politieke klimaat, skoolboikotte en onluste was skoolbywoning swak en ongereeld. Die eksamen-slaagpersentasie, veral ten opsigte van matrikulasie, was laag. In 1969 was vyftien skole in Krugersdorp vir Swartmense by die Departement Naturellesake geregistreer. Hiervan was elf Staats- Bantoeskole en vier privaat of staatsondersteunde skole. Die meerderheid van die skole het slegs laer onderwys aangebied. Sekondêre onderwys was net tot standerd agt aangebied. Leerlinge wat verder as standerd agt wou vorder, was verplig om elders onderrig te ontvang, of gebruik te maak van afstandsonderrig. Met die oog hierop het die Departement Nie-Blankesake van die Stadsraad 'n beursfonds vir behoeftige, belowende Swartstudente in die lewe geroep.

73 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *West Rand Times*, 30 Jun. 1976, 6 Aug. 1976 en 13 Aug. 1976.

Studente kon by die Departement aansoek doen vir finansiële steun. Krugersdorp kon egter nie die geskoolde Swartstudente in sy arbeidsmark opneem nie, omdat die mark slegs op laaggeskoolde en ongeskoolde arbeid ingestel was. Die Departement Nie-Blankesake van die Krugersdorp munisipaliteit het 'n toekoms vir die Swart geskoolde arbeid in die tuislande gesien.[74]

### 10.3.2 SKOLE VIR DIE INDIËRGEMEENSKAP

Besonderhede van die Indiërskool in Burgershoop is beperk. Die grond waarop die skool opgerig is, het die Munisipale Raad in 1909 onder Kroongrondbrief no. 65/1909 bekom, maar die Ebenezer Congregational Church of South Africa het 'n servituutreg op die grond gehad. Hierdie reg is in 1940 opgehef toe daar sprake was van die oprigting van 'n nuwe Indiërwoongebied (Dadooville). Die Stadsraad het op hierdie wyse die geboue wat op die grond opgerig was, bekom en dit in 1945 tot die beskikking van die Departement van Onderwys gestel vir die vestiging van 'n Indiërskool. Sedertdien het die Stadsraad geen onderhoudswerk aan die geboue gedoen nie omdat die instandhouding van die geboue as die verantwoordelikheid van die Departement van Onderwys beskou was. Teen 1950 was die toestande by die skool so swak dat die Departement verplig was om aandag aan die geboue te gee, maar ook addisionele klaskamers aan te bou.[75]

Dit is nie duidelik of die vereiste instandhouding gedoen was nie, omdat die Stadsraad reeds sedert 1947 gekonfronteer was met die vraagstuk om voldoende ruimte aan die Afrikaanse Junior Hoërskool (Krugersdorp Sentrale Hoërskool) te voorsien. Met die promulgering van die Groepsgebiedewet in 1950 (Wet 41 van 1950) is die planne om Dadooville te ontwikkel, laat vaar. Die Stadsraad het hierop besluit om die Indiërgesinne, wat op die gebied waar die nuwe hoërskool opgerig moes word woon, na Boltonia te verskuif. Gepaardgaande hiermee is die Indiërskool en sportgronde ook na Boltonia

74 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, S.P. Naudé, *Verslag oor die sosio-ekonomiese omstandighede van die Bantoebevolking van Krugersdorp, 1968/69*, pp.36,37.

75 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/123, korrespondensieleêr I3, Brief en Verslag Provinsiale Sekretaris-Stadsklerk Krugersdorp, 15 Des. 1950.

verskuif. Die ouers het heftig beswaar aangeteken teen die voorgestelde verskuiwing. Die Indiërgemeenskap is amptelik op 12 November 1953 van die verskuiwing in kennis gestel.

Die volgende besware is teen die verskuiwing geopper:

- Die terrein in Boltonia was ongeskik vir die oprigting van 'n skool omdat dit te ver van die Indiërwoongebied in Burgershoop was. Die meerderheid kinders, ongeveer 135, moes uit die sentrale dorpsgebied na die skool stap, 'n afstand van meer as twee myl (ongeveer 3,2 kilometer).[76]
- Die kinders moes deur die Blanke woongebied na die skool in Boltonia stap, wat die gevaar ingehou het dat hulle aangerand of gemolesteer kon word.
- Die kinders wat die skool bygewoon het, was nog jonk. Negentig kinders was tussen die ouderdom ses tot agt jaar en veertig was slegs tien jaar oud. Die ouers het gevoel dat die kinders te jonk was om die afstand na die skool alleen af te lê.
- Geen vervoer is voorsien nie, wat beteken het dat die kinders in ongure weer aan die elemente blootgestel sou wees.

Die ouers het daarop aangedring dat die skool na 'n ander standplaas, nader aan hulle woongebied, verskuif moes word. Die Stadsraad het nie hieraan gehoor gegee nie, want in 1954 het die Sekretaris van die Indiërgemeenskap gekla oor die groot en gevaarlike donga wat aangrensend van die nuwe skoolgebou geleë is. Die Indiërsportklub het oor dieselfde donga gekla omdat dit 'n gevaar vir spelers ingehou het. Die Stadsraad het die donga wel afgekamp en beveilig.[77]

Die meerderheid van die Indiërs in Krugersdorp behoort tot die Islam[78] wat 'n streng religieuse opleiding nastreef. Naas formele akademiese onderrig ontvang die kinders ook intensiewe onderrig in die Koran en die Islamitiese

---

76 *Keartland's metrieke omsettingstabelle*, Een myl is 1,60934 kilometer, tabel 7.

77 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/123, korrespondensieleêr I3, Korrespondensie en verslae insake verskuiwing van Indiërskool en sportgronde, 1950-1956.

78 Die Islam is bespreek in hoofstuk nege.

beginsels en tradisies.[79]

Die ontwikkeling van Azaadville as woongebied vir Indiërs het gepaard gegaan met die totstandkoming van die Azaadville Primary State School. Die leerlinginskrywing van die skool het fenomenaal gegroei, veral sedert dit Swartkinders uit die nabygeleë informele nedersetting, Lusaka II, op sy skoolrol toelaat. Die remediërende onderwysprogram van die skool om die onderwysagterstand van leerlinge wat op die ouderdom twaalf en veertien jaar vir die eerste keer skool toe gaan, het bekendheid aan die Wesrand verwerf. Die skool beskik oor 'n moderne wetenskaplaboratorium, naaldwerksentrum, kunssentrum, handwerksentrum, mediasentrum en 'n eie biblioteek. Die Azaadville Secondary School het in 1984 tot stand gekom. Azaadville huisves ook die Moslem Universiteit vir religieuse studies in Islam.[80]

## 10.3.3 DIE SKOOL VIR BRUINMENSE

Die Witwatersrand-wes Skoolraad het in 1935 by die Krugersdorp Stadsraad aansoek gedoen vir die oprigting van 'n skool in die woongebied vir Bruinmense. Die woongebied was geleë op myngrond wat die Stadsraad onder oppervlaktepermit no. J.3 van 1924 gehou het. Die Stadsraad het die nodige toestemming aan die Transvaalse Provinsiale Administrasie verleen vir die oprigting van die skool.[81] Min besonderhede oor die funksionering van die skool is bekend. Die skool het met die verskuiwing van die Bruingemeenskap na Toekomsrus, Randfontein, in die sewentigerjare opgehou om te bestaan.[82]

## 10.3.4 DIE WESRANDSE SKOOL VIR SEREBRAALGESTREMDES

Die Wesrandse Skool vir Serebraalgestremdes is op 23 Julie 1968 in Krugersdorp geopen.[83] Die skool verrig 'n belangrike opvoedingstaak aan die Wesrand. Die skool word deur die staat gesubsidieer. Dit bied

79 Kyk ook bespreking van die Islam in hoofstuk nege.

80 I. Dasoo, Onderhoud 1995. Kyk ook Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer A12, *Azaadville*, sd.

81 TAB, Pretoria, MKR, band 2/2/2/57, korrespondensielêer C19, Brief Witwatersrand-wes Skoolraad-Stadsklerk Krugersdorp, 11 Febr. 1945.

82 Verwys na hoofstuk vyf vir besonderhede oor die woongebied vir Bruinmense en die verskuiwing van die gemeenskap na Toekomsrus.

83 SAB, Pretoria, OKW, band 10, Korrespondensie Stigting en erkenning van spesiale skool, 1953-1967.

koshuisinwoning aan 120 leerlinge. Die skool gee gespesialiseerde onderwys wat sowel remediërend as opvoedkundig van aard is, aan serebraal gestremde kinders tussen die ouderdom drie en agttien jaar. Leerlinge word akademies vanaf kleuterskoolfase tot standerd agt onderrig. Vanaf standerd drie word vakonderwys aangebied. Verder ontvang die leerlinge arbeidsterapie, spraakterapie, liggaamlike oefeninge en sielkundige terapie as deel van hulle daaglikse skoolroetine.

Die Wesrandse Skool vir Serebraalgestremdes presteer ook op buitemuurse terrein. Daar word gereeld interatletiekbyeenkomste gehou teen susterskole met paramediese afdelings. Verder beoefen die leerlinge sport soos swem, jukskei, rolbal en tafeltennis.

Die totstandkoming van die Wesrandse Skool vir Serebraalgestremdes is die suksesverhaal van 'n groep toegewyde persone wat sedert 1947 hulle vir die oprigting van 'n spesiale skool van hierdie aard beywer het.

## 10.4. SLOTOPMERKING

Onderwys is nie 'n funksie van Plaaslike Owerhede nie, maar Plaaslike Owerhede is by die onderwys betrokke met betrekking tot infrastruktuurskepping en die lewering van munisipale dienste. Onder die Bantoe-onderwyswet van 1953 is dit van Plaaslike Owerhede verwag om skoolgeboue in die Swartwoongebiede op te rig en in stand te hou. Dit het ook gegeld ten opsigte van Bruin- en Indiërgemeenskappe. Die sewentigerjare is gekenmerk deur skoolboikotte en onluste waarin van die skole wat deur die Krugersdorp Stadsraad in Kagiso opgerig is, beskadig en vernietig is. Die Stadsraad het as gevolg van die onluste groot finansiële verliese gely, wat noodwendig 'n invloed gehad het op die herstel van die beskadigde skole.

Die optrede van die Krugersdorp Stadsraad met betrekking tot die verskuiwing van die Indiërskool in die vyftigerjare moet in die lig van die algemene politieke beleid van die tyd beoordeel word. Die afkondiging van die Groepsgebiedewet in 1950 het afsonderlike woongebiede en geriewe vir die verskillende bevolkingsgroepe vereis. Die verskuiwing van die Indiërskool

en –sportgronde na Boltonia kan as die eerste stap in die skep van 'n afsonderlike woongebied vir die Indiërgemeenskap gesien word. Die Indiërwoongebied was in hierdie stadium 'n eiland binne die Blanke groepsgebied.[84]Die opvoedkundige standaard van die inwoners van Krugersdorp word vandag as relatief hoog gesien. Slegs 20.59% van die totale bevolking het in 1993 geen formele onderwys ontvang nie. Die standaard van onderwys in Krugersdorp per bevolkingsgroep word in die onderstaande tabel weergegee.[85]

| KRUGERSDORP : OPVOEDKUNDIGE STANDAARD : 1996 | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Beskrywing** | **Geen %** | **Gr 1-Std 1 %** | **Std 2-5 %** | **Std 6-8 %** | **Std 9-10 %** | **Diploma %** | **Graad %** |
| Blank | 12.44 | 4.87 | 7.08 | 32.30 | 31.70 | 7.64 | 3.95 |
| Bruinmense | 21.28 | 4.23 | 24.26 | 34.90 | 14.55 | 0.47 | 0.31 |
| Indiër | 13.49 | 5.56 | 7.94 | 35.71 | 33.33 | 3.97 | 0.00 |
| Swart | 39.34 | 6.57 | 29.26 | 19.98 | 4.60 | 0.20 | 0.04 |
| **Totaal** | **20.59** | **5.37** | **13.89** | **28.63** | **23.44** | **5.34** | **2.74** |

**Figuur 52**

Uit die bostaande tabel kan die agterstand wat die onderwysstelsel van die verlede gelaat het, duidelik gesien word. Dit plaas 'n groot verantwoordelikheid op die gemeenskap om die jeug te motiveer om terug te keer na 'n onderwyskultuur. Dit plaas ook 'n groot verantwoordelikheid op die staat om aan die groot groep volwassenes wat as gevolg van die politieke stryd van die verlede geen of min onderwys ontvang het, onderrig te verskaf. Die gaping in die opvoedingspeil van 'n groot deel van die gemeenskap moet nou deur middel van geletterdheidsopleiding en spesiale klasse vir volwassenes aangevul word. Dit is die verantwoordelikheid van die individu, die staat en die privaatsektor om hierdie gaping so spoedig moontlik in die belang van Suid-Afrika te vul. Onderwys en ervaringsopleiding speel 'n belangrike rol in die toekomstige ekonomiese ontwikkeling van Krugersdorp. 'n Pro-aktiewe benadering tot onderwys en opleiding is daarom nodig.[86]

84 Raadpleeg hoofstuk 4 vir besonderhede oor die Groepsgebiede wetgewing en afsonderlike woongebiede vir die bevolkingsgroepe in Krugersdorp.

85 Stadsraad, Krugersdorp, *Notule van vergadering van die Uitvoerende Komitee gehou op 25 Maart 1997*, Item A(19) 3/97, Report on the formulation of Land Development Objectives for Krugersdorp, p.32. Die statistieke in die verslag is gebaseer op die 1991 bevolkingsensus.

86 Krugersdorp Chamber of Commerce and Industries (KCCI), Krugersdorp, L Koekemoer, Research *A development and marketing strategy for Krugersdorp Urban development*, 1994.